# OESTERBAAI INWONERSVERENIGING

# OYSTER BAY RESIDENTS ASSOCIATION

# VOORSITTERSVERSLAG/CHAIRPERSON'S REPORT 2018

## Werksaamhede van die Bestuurskomitee / Activities of the Management Committee

| VOORWOORD: | INTRODUCTION |
|---|---|
| Die verslag is 'n beknopte weergawe van die werksaamhede van die Bestuurskomitee. Die daaglikse aktiwiteite van die lede van die Komitee is so veelvuldig dat dit nie volledig in die verslag vervat kan word nie. | This report is a concise account of the activities of the Management Committee. Due to the frequency of the daily activities, a comprehensive report of all input is not possible. |
| Dit is ons beskeie mening dat ons aktiwiteite, binne die beperkings van die politieke en munisipale werklikhede, tog 'n groot bydra lewer om Oesterbaai / Umzamowetho 'n beter plek te maak . | It is our humble opinion that our activities, within the limitations of the political and municipal realities, do contribute to improve Oyster Bay/ Umzamowethu. |
| | |
| **1. OMGEWINGSAKE**<br>Verantwoordelike Komiteelid: Joe Meyer | **1. ENVIRONMENTAL AFFAIRS**<br>Responsible Committee Member: Joe Meyer |
| Munisipale amptenare het aan die einde van 2017 die versekering gegee dat die begroting voor-siening maak vir die verwydering van die sand in Branderstraat. Die tenderproses sou aan die einde van Maart afgehandel wees. Hierdie proses het nie realiseer nie. Dit blyk dat die Munisipaliteit die fondse later in die jaar vanweë die voortslepende droogte vir watervoorsiening aangewend het. Meer hieroor onder watervoorsiening. | Confirmation was given by the Municipal officials that the 2017 budget provided for the removal of the sand in Brander Street. The tender process was scheduled to be completed at the end of March. This process never materialised. It seems that the Municipality utilised the money later in the year for water supply due to the severe continuing drought. More information under water supply. |
| Joe het inderhaas gedurende Julie 2018 besoek gebring, nadat die sand die heiningmuur van Johan Bouwer se huis omgestoot het en die huis bedreig het. 'n Strook sand is verwyder. 'n Bedrag van R14 000 is deur die Komitee goedgekeur om hiermee behulpsaam te wees en die Slangrivier-mond weer oop te maak. Johan het die res van die koste self gedra. Die rivier kon toe see toevloei na kortstondige goeie rein in Oktober. | Joe visited Oyster Bay as a matter of urgency during July 2018, when the sand build up pushed over the boundary wall of Johan Bouwer's property and threatened his house. A strip of sand was removed around the property. The Committee approved an amount of R14 000 to assist and to open the Slang River mouth. Johan carried the remainder of the expense. Rainwater flowed unobstructed into the sea during the short good rains during October. |
| Die mond is ook laat in 2017 oopgemaak. | Sand was also removed from the river mouth in 2017. |

| | |
|---|---|
| Beplanting van die duine waar werk afgehandel is, was vanweë die lae reënval nie suksesvol nie.<br><br>Joe het voortgegaan om met amptenary en Burgemeester te kommunikeer. Ons is dan ook onlangs in kennis gestel dat die Munisipaliteit nou R10 000 000 vir die doel bewillig het. | Planting of the dunes where the work has been completed was unsuccessful due to little rain.<br><br>Joe continued communicating with the officials and the Major. We were informed recently that the Municipality now voted an amount of R 10 000 000 for the removal of the sand. |
| | |
| **2. WATERVOORSIENING.**<br>Verantwoordelike Komiteelid: Otto Pepler.<br><br>Watervoorsiening bly 'n groot probleem. Otto is in deurlopende gesprek met die verantwoordelike amptenare. Benewens die onvoldoende beskikbaarheid, is die infrastruktuur soos pompe en noodkrag onvoldoende.<br><br>Twee junior persone van Oesterbaai is aangestel, maar hulle word steeds opgelei en werk onder die toesig van 'n beampte van St. Francisbaai. Die Komitee het 'n fiets aan hulle geskenk ten einde hulle werk te vergemaklik .<br><br>Die 2 boorgate wat in 2017 gesink is, is operasioneel. Die Komitee het verdere boorgate versoek, waarvan een van voltooi is en 'n 2e tans geboor word. Hierdie vorm deel van die begroting van R 10 miljoen wat vir die Kouga Munisipaliteit bewillig is om watervoorsiening te verbeter. Benewens die boorgate word die vervanging van die hooftoevoerpype beplan.<br><br>Die watervoorsieningsituasie bly egter krities . 'n Beroep word op die inwoners en besoekers gedoen om die waterbeperkings te gehoorsaam. | **2. WATER SUPPLY**<br>Responsible Committee Member: Otto Pepler<br><br>Water supply remains a critical problem. Otto is in continuous communication with the responsible officials. In addition to poor supply, the infra-structure is inadequate e.g. pumps and emergency electricity.<br><br>Two junior persons residing in Oyster Bay has been appointed. They are still under training and function under the supervision of an official from St. Francis Bay. The Committee donated a bicycle to them, which eases their work.<br><br>The 2 bore holes drilled are operational. The Committee requested further bore holes. One has been completed and the second are being drilled currently. This is funded from the R 10 million which Kouga municipality received to improve water supply. We have also received notice that the main supply pipes will be replaced.<br><br>The supply of water to the Town remains critical. We appeal to all residents and visitors to adhere to the water restrictions. |
| | |
| **3. GEMEENSKAPSAAL.**<br>Verantwoordelike Komiteelid: Adriaan van Wyk<br><br>Na ondertekening van die huurooreenkoms word die Saal effektief bestuur. Dit verg nougesette werk van Adriaan en ander Komitee lede. Die sleutel word alleenlik deur Komitee-lede hanteer, wat dikwels oop en toesluit op ongeleë tye behels.<br><br>Verskeie instandhoudingsaksies is gedoen, o.a.:<br>vervanging van die hoofdeur;<br>vervanging van gebreekte vensters;<br>verf van venster rame; | **3. COMMUNITY HALL**<br>Responsible Committee Member: Adriaan van Wyk<br><br>With the rental agreement in place, the Hall is properly managed. It requires conscientious work by Adriaan and other committee members. Only Committee Members handle the keys. This often requires unlocking and locking up at inconvenient times.<br><br>Maintenance were done, amongst others:<br>replacement of the main doors;<br>replacement of windows;<br>painting of window frames; |

| | |
|---|---|
| deurlopende instandhouding van toilette.<br><br>Die Bestuurskomitee was ook genoodsaak om 'n alarmstelsel te installeer. Inbrake het periodiek voorgekom.<br>'n Totale bedrag van ongeveer R32 000 is aan die saal spandeer. | continuous maintenance of toilets.<br><br>The Management Committee had to install an alarm system due to periodical break inns.<br><br>Total amount spend on Hall maintenance is approximately R32 000. |
| | |
| **4. AFVALSTORTINGSTERREIN.**<br>Verantwoordelike Komiteelid: Lana Pepler<br><br>Na verskeie vertoë oor jare en baie byeenkomste is die Terrein op 1 Junie 2018 geopen. Dit moet ongelukkig vermeld word dat die konstruksie van die Terrein wat reeds onder die vorige Munisipale Raad 'n aanvang geneem het, met uiterste oneffektiwiteit gepaard gegaan het. Met die bedrag spandeer kon 'n baie beter Terrein daargestel word.<br><br>Die Komitee is steeds in gesprek met die amptenare oor beloftes wat nie nagekom is nie, o.a. 'n waghuis vir die opsiener. Die beloftes van 'n afvalhouer vir elke eiendom die herwinning van afval, het ook nie gematerialiseer nie. Die glas-herwinninghouer is wel geplaas - maak asseblief gebruik daarvan. | **4. REFUSE DUMPING SITE.**<br>Responsible Committee Member: Lana Pepler<br><br>The new site was opened on 1 June 2018 after years of appeals and many meetings. Unfortunately the construction of the site was characterised by extreme ineffectively. The process already commenced during the tenure of the previous Municipal Board. A much more effective site could have been constructed with the money spent.<br><br>Communication with the responsible officials is ongoing regarding undertakings not completed, amongst others a guard house for the overseer.<br>The promise of a waste bin for each property has not been met. Plans for waste segregation and regain were also promised. Please utilise the glass reclaiming bin next to the site. |
| | |
| **5. PAAIE**<br>Verantwoordelike Komiteelid: Joe Meyer<br><br>Joe het tydens sy besoek in Junie weer herstel-werk aan die paaie gedoen. Hy onderneem ook om in Desember van die vorige herstelwerk op te knap. | **5. ROADS**<br>Responsible Committee Member: Joe Meyer<br><br>Joe performed some repairs to the roads during his visit in June. Joe will also do maintenance to the previous repairs in December. |
| | |
| **6. KOMMUNIKASIE EN NUUSBRIEWE**<br>Verantwoordelike Komiteelid: Fanie Groenewald & Hettie Jooste<br><br>Ons is baie dank aan Hettie verskuldig vir die deurlopende kommunikasie met lede. Sy het ook samestelling van die 3 nuusbriewe hanteer. Ons ontvang na elke nuusbrief komplimente.<br><br>Ons jaarlikse Desember Nuusbrief, *Oesterbaai Nuus 2018,* is weer deur Fanie saamgestel, en ons bedank weereens vir Oesterbaai Lodge vir die borg en verspreiding daarvan. | **6. COMMUNICATION AND NEWS LETTERS**<br>Responsible Committee members: Fanie Groenewald & Hettie Jooste<br><br>We have to thank Hettie for her continuous communication with our members. She compiled three newsletters. Compliments are being received after each newsletter.<br><br>Our annual newsletter, *Oyster Bay News 2018,* was again compiled by Fanie. We extend a vote of thanks to Oyster Bay Lodge for their sponsoring and distribution. |
| | |

| | |
|---|---|
| **7. BRANDWEER**<br>Verantwoordelike Komiteelid: Riekie Pienaar<br><br>Riekie het gereël dat die brandblussers in die Saal gediens word en bykomende brandblussers voorsien word.<br><br>Verskeie navrae deur die jaar oor die brandweer-depot het verskillende terugvoer opgelewer, waarvan die onlangse dat die projek gekanselleer word. Ons wag op terugvoer oor die redes vir hierdie besluit. | **7. FIRE BRIGADE**<br>Responsible Committee member: Riekie Pienaar<br><br>Riekie arranged for the service of the fire extinguishers in the Hall as well as for additional ones.<br><br>Several enquiries during the year regarding the fire depot resulted in different feedback, the most recent being that the project has been cancelled. We are awaiting feedback on the reasons for this decision. |
| | |
| **8. OBZAMU**<br>Verantwoordelike Komiteelid: Adriaan van Wyk<br><br>Bekommernis bestaan oor die volgehoue toe-stroming van inwoners. Die meerderheid van formele huise het 'n informele struktuur agter in die erf.<br><br>Die sosio-ekonomiese omstandighede bly benard. Geen werksomstandighede bestaan vir skoolverlaters nie.<br><br>Dit is verblydend om te kan meld dat die Sandwater Primêre skool onder die Hoofskap van Hennie Ferreira 'n ligpunt is.<br><br>Gesondheidsdienste is uiters wispelturig. Adriaan het verskeie kere ingetree oor die mobiele kliniek wat nie opdaag nie.<br><br>Die Rainmaker projek wat in 2017 afgeskop het, is hierdie jaar voltooi. Umzamowethu se dames het baie relevante voorleggings vir werkskepping en verbetering van die sosio-ekonomiese omstandighede gedoen. Geen wenners is egter deur Kouga Windfarms aangewys nie en geen fondse derhalwe toegeken nie. Daarsonder is die inisiatiewe gedoem. | **8. OBZAMU**<br>Responsible Committee Member: Adriaan van Wyk<br><br>We remain concerned about the influx of residents. The majority of the formal houses have an informal structure attached.<br><br>The social-economic situation remains desperate. No work opportunities exist for young people finishing school.<br><br>It is heartening to report that the Sandwater Primary School functions well under Hennie Ferreira as Principal.<br><br>Health services are an erratic and real concern. Adriaan took it upon himself to act at various occasions when the mobile clinic did not turn up.<br><br>The Rainmaker Project, which commenced in 2017, was completed this year. The ladies of Umzamowethu presented relevant projects for work creation and improvement of the social-economic situation. No winners were selected by Kouga Windfarms and no funds were thus allocated.<br>It is a pity that these initiatives will now be shelved. |
| | |
| **9. VUURWERKE**<br><br>Die gebruik van vuurwerke is onwettig.<br>Ons doen 'n ernstige beroep op almal om geen vuurwerke of papierlanterns te gebruik nie. Die brandgevaar is enorm groot. | **9. FIREWORKS**<br><br>The use of fireworks is illegitimate. We appeal to all to refrain from the firing of fireworks or use of paper lanterns. The fire hazard is extreme. |
| | |

**10. HONDE OP DIE STRAND.**

Oesterbaaiers is bekend vir hulle liefde vir hulle honde. Ons doen 'n beroep op almal om hulle honde ten alle tye aan leibande te hou op die strand, soos wat Munisipale regulasies bepaal. Kennisgewings tot dien effek is by alle toegange tot die strand opgerig. Korn ons ag mekaar in goeie Oesterbaai gees.

**11. DOGS ON THE BEACH.**

The people of Oyster Bay are known as very fond of their dogs. We request that all please keep their dogs on leaches on the beach in compliance with municipal regulations. Notice boards to this effect are in place at all beach entrances. Let us consider each other in good Oyster Bay spirit.

**11. LEWENSREDDERS.**

Verantwoordelike Komiteelid: Joe Meyer

Die lewensredders word deur die Munisipaliteit voorsien. Joe het hierdie week met die toesig-houer geskakel ten einde die negatiewe ervarings van die vorige jaar te voorkom. Die situasie blyk hierdie jaar beter georganiseer te wees.

**11. LIFE GUARDS.**

Responsible Committee Member: Joe Meyer

The Municipality provides the life guards. Joe contacted the supervisor in order to prevent the negative experiences of the previous year. The organisation seems to be better this year.

**12. KERSMARK**

Verantwoordelike Komiteelede: Fanie Groenewald & Riekie Pienaar.

Baie energie en inisiatief is weer hierdie jaar in die beplanning van 'n genotvolle dag spandeer. Ons vertrou dat elke Oesterbaaier dit terdeë gaan geniet.

**12. CHRISTMAS MARKET.**

Responsible Committee members: Fanie Groenewald & Riekie Pienaar.

Fanie and Riekie employed a lot of energy and initiative in the planning of this joyous day. We trust that you will all enjoy this day tremendously.

**13. KERSDIENS.**

Die Kersdiens word soos gebruiklik om 09:00 op Kersdag gehou. Ds. Matheus Langenhoven, permanente inwoner van Oesterbaai, sal die diens waarneem. Bydraes word vir gemeenskapsontwikkeling en instandhouding van die Gemeenskapsaal aangewend.

**13. CHRISTMAS SERVICE.**

The church service will as usual be held on Christmas at 09:00. Ds. Matheus Langenhoven, permanent resident in Oyster Bay, will conduct the service. Donations are used for community projects and the upkeep of the Community Hall.

**14. FINANSIES.**

Verantwoordelike Komiteelid: Hettie Jooste

Ons bedank die Tesourier vir haar nougesette bestuur van ons finansies.

Die finansiële state is aangeheg. Ongelukkig moet vermeld word dat ons uitgawes ons inkomste oor-skry. Die Bestuurskomitee probeer alle werk op die mees ekonomiese wyse uit te voer en wend deurlopend ook persoonlike fondse aan.

Die OIV is totaal afhanklik van skenkings om met sy belangrike werksaamhede te volvoer. Die

**14. FINANCE.**

Responsible Committee members: Hettie Jooste

We thank our Treasurer for her devoted management of our finances.

Attached find the financial statements. We unfortunately have to report that our expenditure was more than income. The Management Committee does all in its power to perform all work in the most economical way.

The OBRA is totally dependent on donations to perform the most important work. The membership

| | |
|---|---|
| ledegelde alleen dek maar 'n baie klein deel van die uitgawes. Ons is daarom baie dankbaar vir die skenkings wat ontvang word. Dit is ongelukkig baie beperk en moet ons vriendelike maar ernstige vertoë rig dat ons lede moet hulp verleen om met werksaamhede te kan voortgaan. | fees cover a small portion of the expenses. We are thus very thankful for all donations. The donations are unfortunately also limited. We therefore extend serious request to members for donations to enable us to continue with our responsibilities. |
| | |
| **15. LIDMAATSKAP**<br>Opbetaalde ledetal: 177<br><br>Nogmaals word 'n beroep gedoen op alle eienaars/ inwoners/enige persoon wat ons pragtige Dorp se belange op die hart dra om as lede van die Vereniging te registreer. Dit behels dat elke lid van 'n gesin apart kan registreer.<br><br>Lidmaatskapsgelde vir 2019 is reeds vanaf 1 November 2018 betaalbaar.<br><br>Gelde kan by enige Bestuurskomiteelid betaal word. U word aangemoedig om die gelde direk in ons rekening in te betaal met u Naam en Erfnommer as verwysing.<br><br>Bankbesonderhede:<br>ABSA Bank<br>Tak: 632005<br>Rek. Nr.4052178885<br><br>Bewys van deposito aan:<br>Hettie: hjooste@absamail.co.za | **16. MEMBERSHIP**<br>Total members in good standing: 177<br><br>We appeal again to all residents/property owners and any person who identify with this beautiful Town to register as members of the Association. This entails that each member of a household may register separately.<br><br>Membership fees are payable as from 1 November 2018.<br><br>Fees are payable at any Committee Member. We encourage all to transfer fees to our account. Your Name and plot No. as reference.<br><br>Banking details:<br>ABSA Bank<br>Take:632005<br>Acc.: No. 4052178885<br><br>Proof of Payment to:<br>Hettie: hjooste@absamail.co.za |
| | |
| **16. IDP**<br>Dit is met groot teleurstelling dat ons moet rapporteer dat slegs een IDP vergadering hierdie jaar deur die Munisipaliteit in Oesterbaai gehou is. By navrae is ons meegedeel dat die Wyksraadslid verantwoordelik is om die nodige reëlings te tref. Die Bestuurskomitee het 'n formele skrywe aan die Munisipale Bestuurder gerig waarin die onbetrokkenheid van Raadslid Mayoni geregistreer is. Geen formele terugvoer is ontvang nie. | **16. IDP**<br>It is with deep disappointment that we have to report that only one IDP meeting were held by the Municipality in Oyster Bay this year. Enquiries revealed that the Ward Councilor is responsible to arrange these meetings. The Management Committee addressed a formal letter to the Municipal Manager, in which we complained about the lack of commitment by Cllr. Mayoni. No formal feedback received yet. |
| | |
| **17. VERFRAAIING VAN DIE DORP.**<br>Hierdie behels deurlopende insette van die komiteelede. Die verkeerseilande word deurlopend netjies gehou.<br><br>Deurlopende skakeling met die Munisipale amptenare het ook plaasgevind om die sypaadjies | **17. BEAUTIFYING OF THE TOWN.**<br>This entails continuous input from Committee Members. The traffic islands are being kept neat.<br><br>Continuous communication with Municipal officials were necessary to remove bushes from |

| | |
|---|---|
| te ontbos en te sny. | the sidewalks and have it mowed. |
| | |
| **18. KLANKSTELSEL**<br>Na aanleiding van versoeke tydens die 2017 AJV, is ondersoek ingestel na die aankoop van 'n klankstelsel. Ongelukkig is die koste aan 'n voldoende stelsel nie haalbaar nie. | **18. SOUND SYSTEM**<br>In reaction to requests during g last year's AGM; we investigated the acquiring of a sound system. Unfortunately the cost is above our means. |
| **Die Bestuurkomitee wens elkeen 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2019 toe.**<br><br>Ons vertrou dat wanneer u huiswaarts keer, die belange van hierdie besonderse Dorp in u gedagtes en aksies sat gedy. | **The Management Committee wishes all a Merry Christmas and Prosperous New Year**<br><br>We trust that the interests of this beautiful Town will remain in your mind and actions when you return home. |

**Walter Kurten**
**Voorsitter/Chairperson**